

Aan: Alle kerke in GKSA
Van: Die bestuur van die Administratiewe Buro (Adminburo)
Insake: Algemene inligting vanaf die Administratiewe Buro se bestuur
Datum: 31 Maart 2016

Ons deel graag die volgende met al die kerke in GKSA as 'n bydrae om kommunikasie tussen ons kerke te versterk.

1. **Kerke en belasting:** Ons is tans besig om aan 'n inligtingstuk, wat kerke kan help met hulle posisie teenoor die Suid Afrikaanse Inkomstediens, te werk. Die SAID stel sekere vereistes vir belastingvrystelling, waarvoor elke kerk moet registreer. Voorheen kon kerke die Kerkorde aan die Ontvanger gestuur het in die plek van die "konstitusie" van die kerk. Dit word tans nie meer by alle inkomstekantore net so aanvaar nie. Ons vertrou dat die inligtingstuk hiermee sal help en ons beplan om die inligtingstuk DV beskikbaar te hê teen die einde van Junie 2016.
2. **Ramingsverligting:** Kerke nader die bestuur van die Admin Buro met 'n versoek om ramingsverligting met die motivering dat sekere plaaslike kerke oorwegend studentelidmate het of lidmate wat pensioenarisse is. Kleiner gemeentes voel dat hulle voor die keuse staan of om ramings te betaal wat tot gevolg kan hê dat hulle hul deure moet sluit, of die geld moet gebruik vir bediening van die Woord. Die bestuur van die Admin Buro het groot simpatie met die versoeke maar kan ongelukkig nie daaraan gehoor gee nie. Daar is drie redes daarvoor:
 - 2.1 die kerke, wat saam vergader in Sinodes, het geen mandaat aan die bestuur of Admin Buro gegee om ramings te verminder of agterstallige ramings af te skryf nie.
 - 2.2 indien verligting gegee sou word of agterstallige ramings afgeskryf sou word, beteken dit dat die ander kerke die "tekort" moet aanvul.
 - 2.3 In aansluiting by 2.1, maak die Admin Buro se reglement, waarin sy mandaat uitgespel en sy werkswyse voorgeskryf word, nie daarvoor voorsiening nie

Kerke wat aansoek doen vir ramingsverligting word geadviseer om die saak met hulle Klassisse en/of Streeksinodes op te neem sodat die saak op ordelike wyse op die Algemene Sinode, in ledevergadering, se tafel kan kom.
3. **Die standbeeld van Totius:** Kerke is bewus daarvan dat die eiendomskomitee van die Admin Buro die Totius standbeeld vanaf die NWU in ontvangs geneem het en tans veilig bewaar. Die beeld is deur die NWU aan die GKSA toevertrou wat ons kontraktueel daartoe verbind om dit in Potchefstroom op eiendom wat aan die GKSA behoort, op te rig. Die Bestuur het in oorleg met die Kuratore, en op advies en insette van belanghebbendes tot die besluit gekom om die beeld by een van ons (die GKSA) se historiese gedenkwaardighede te laat oprig. Die mees waarskynlike plek waar die beeld geplaas kan word, is by die Totiushuis of Kerkmuseum.
4. **Die GKSA se geldsake:** Die oorgrote meerderheid van deputaatgroepe is nog tot op datum binne hulle begrote uitgawes in hierdie finansiële jaar. Die deputaatgroepe het in die finansiële jaar (6 maande tot einde Desember 2015) minder spandeer as waarvoor begroot is. Die werklike uitgawe vir die Buitengewone Algemene Sinode sal sowat 63% van die begrote uitgawe beloop. Die gedagte is om die Sinode se Handeling in die toekoms net elektronies beskikbaar te stel, wat sal meebring dat heelwat koste aan drukwerk bespaar word. Die besparings beteken nie dat ramings outomaties sal verminder nie, maar wel dat die bestuur baie ernstig op besparings fokus. Tans word aan die begrotings vir die nuwe finansiële jaar vir alle deputaatgroepe gewerk en ons sal mooi moet beplan om die uitdagings van die steeds afnemende lidmaattal te hanteer.

Die Emeritaatsversorging trustees (EVT) het reeds te kenne gegee dat hulle inkomste uit ramings in die volgende jaar met 20% sal moet styg sodat die versorging van ons emeriti oor die langer termyn volhoubaar kan wees. Dit sal beteken dat al die ander deputaatgroepe met minder geld sal moet klaarkom of ramings sal so moet verhoog dat dit binne die huidige ekonomiese klimaat negatief kan inwerk op die Woordbediening.

5. **Verpligte kollekte:** Ons rapporteer met groot dankbaarheid dat die meeste kerke groot erns maak met verpligte kollekte en die geld nougeset oorbetal aan die Admin Buro. Ons opregte dank daarvoor. As kerke enige onduidelikheid hieroor het, kontak asseblief vir Wymie du Plessis by wymiedup@gksa.co.za
6. **Skakeling met gemeentes:** Skakeling deur ons skakeldeputate vind deurlopend plaas – meestal op versoek van kerke of klassisse. Onlangs het skakeling plaasgevind met Klassis Suid-Vrystaat, Klassis Boland en GK Bloemfontein-Suidheuwels. Ons nooi kerke en meerdere vergaderings uit om met die skakeldeputate te praat waar daar behoeftes is.
7. **Twee dokumente om met kerke se werksaamhede te help**

Die Administratiewe Buro het sake van gemeenskaplike belang geïdentifiseer waarvoor kerke inligting benodig. Daarvoor het ons twee inligtingsdokumente ontwikkel. Die eerste dokument gaan oor algemene kerkadministrasie. Ons noem dit “GKSA Byderhand”. Gaan na die GKSA webwerf, www.gksa.org.za, om die dokument te besigtig of af te laai. Kliek op “Kommunikasie” en dan “Nuus van die Administratiewe Buro” en dan “Inhoudsopgawe GKSA Byderhand”. Die inhoudsopgawe gee dadelik die omvang van onderwerpe wat in die inligtingstuk vervat is. Die volledige dokument se skakel is net bo die van die inhoudsopgawe.

Die tweede dokument is om kerke met kommunikasie in die gemeente te help. Gaan ook na die GKSA webwerf, www.gksa.org.za, en kliek op “Kommunikasie” en dan “Kommunikasie handleiding”. Hier is 14 afdelings wat in detail kerke probeer help met kommunikasie binne die gemeente. Die Engelse weergawe van die 14 hoofstukke is direk onder die Afrikaans.

Die “GKSA Byderhand” word nou in Engels vertaal. As kerke harde kopieë van die twee dokumente nodig het, kontak Wymie du Plessis by wymiedup@gksa.co.za
8. **Handelinge van die Buitengewone Algemene Sinode**

Die Handelinge van die Buitengewone Algemene Sinode 2016 is reeds elektronies na ons kerke versend. Die Handelinge is ook beskikbaar op die GKSA webwerf, in Engels en Afrikaans. As kerke hieroor navrae het, kan hulle ook vir Wymie du Plessis by wymiedup@gksa.co.za kontak
9. **Verandering op die bestuur van die Admin Buro:** Ds. Willem Vogel, wat die trustees op die bestuur van die Adminburo verteenwoordig, het as bestuurslid bedank. Sy plek word nou ingeneem deur sy sekundus, ds. Johan Nel van GK Akasia. Ons opregte dank aan ds. Willem vir baie jare se diens aan die Admin Buro.

Louis Kruger

Voorsitter van die Bestuur van die Administratiewe Buro